# Liturgiese Riglyne

**<u>SONDAGOGGEND 09:00</u>**

## JALOERS is die Naam van die HERE

**<u>Skriflesing</u>:**
Eksodus 34:1-16

**<u>Teksvers</u>**:
Eksodus 34:12-14

**<u>Sing</u>**:
Ps 105:2, 5
Ps 86:3, 5, 6
Ps 145:1, 5, 10, 12
Sb 10-2
Ps 20:1, 2, 3, 4, 5
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Jaloesie is 'n eienskap wat nie baie positiewe optrede kweek by mense nie. Oor die algemeen is dit 'n negatiewe kenmerk wat baie sterk op jou eie belange fokus. Ons hou nie van mense wat jaloers is nie, want hulle tree uiters selfsugtig op. Die Bybel leer ons ook dat jaloesie die ondergang van die huwelik, verhoudinge en lewe kan veroorsaak.

Waarom dan sal die HERE Homself Jaloers noem?

Ons staan vanoggend stil by die tema: *JALOERS is die Naam van die HERE.*

**<u>SONDAGAAND 18:00</u>**

## God is die een en die al van ons bestaan en moet daarom verheerlik word in ons dade!

**<u>Skriflesing</u>:**
Fil 2:5-18

**<u>Teksvers</u>**:
Fil 2:12b,13

**<u>HK</u>** Sondag 32

**<u>Sing</u>**:
Ps 112-2:1,2,3
Ps 138-1:1,3
Sb 14-1:1,2,3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Goeie werke is noodsaaklik in die Christen se lewe met die doel…

- Sodat ons met ons hele kan bewys dat ons dankbaar is vir God vir sy Goeie werke in ons.
- Sodat God deur ons geprys kan word.
- Sodat ons vir onsself sekerheid kan verkry uit ons dade.
- Sodat ons ons naaste vir God kan wen deur ons dade.

Maar ons doen juis goeie werke net uit die krag van God en deur sy genade tot sy eer. Dit is belangrik om vir alles die eer aan God alleen te gee.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 47 Nr 27 14 Augustus 2022**


# *"… en van oorkant die Jordaan"*

Die koms van die Messias wat verlossing bring het deur die eeue heen vir menige gelowiges 'n anker vir die toekoms en enigste troos beloof. Dit is hoop en lewe.

Vir die Jode, wat steeds die Ou Testamentiese verwagting koester van die koms van die Messias, sal daar geregtigheid en vergelding wees. Dit is die herstel van Israel op aarde en die vernietiging van die vyande van God.

Die Moslems het vir hierdie rede die "*Goue Poort*" of "*Skone Poort"* in die muur teenaan die tempel in Jerusalem toegemessel sodat die Messias nie kan inkom nie.

Verwagting en tydsberekening maak hier nogal 'n groot verskil...

So is dit ook as jy self voor die Jordaanrivier staan. Ietwat teleurstellend. Of dalk anders as verwag. Maar nie onbelangrik nie. Dit is nie 'n Oranjerivier of Limpopo nie. Wat nog om te dink die Nyl... Eerder soos die Caledon of dalk Jukskei. Dit is nie die rivier in opsigself nie, maar eerder wat dit simboliseer waar die verskil kom. Israel/Palestina is aan die Wesbank, en oorkant die Jordaan, Jordanië, dit is Moab, en Ammon, ook Assirië of Assur. Daaragter Iran, Irak, Saoedi-Arabië. Dit is die land van die heidene.

'n Skynbare onbelangrike en eenvoudige geografiese verwysing in Matteus 4 kan 'n mens se begrip maklik ontglip. Of ten minste, dit het nie altyd vir my konkrete betekenis gehad nie.

Behalwe vir Jesus se geboorte word daar baie min gegewens in die Bybel bekend gemaak oor ons Here se lewe, totdat Hy omtrent 30 jaar oud is, en in die openbaar optree. Na die versoeking in die woestyn word daar vermeld hoe Jesus mense gesond gemaak het van siektes en kwale, van onrein en bose geeste.

Van oral oor het die mense gekom. Letterlik van oral oor.

*"Groot skares het Hom gevolg, uit Galilea en Dekapolis en Jerusalem en Judea en van oorkant die Jordaan af."* Matteus 4:25 (2020-vertaling)

In een oomblik slaan dit jou asem weg. Die mense, buite die grense van die beloofde land, oorkant die Jordaan het na die Here Jesus gekom vir bevryding. Daar in Galilea van die heidene, daar begin Jesus om die koninkryk van God te verkondig.

Hy het gekom om sondaars te red. Was dit nie hiervoor nie, sou ek en jy moes Jode word om deel te kry aan die koninkryk van God.

Immers, ook ons bly oorkant die Jordaan.

Lourens Venter (vdm)

## ALGEMENE INLIGTING

**EREDIENSTYE**

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Vrug van die Gees!

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 16, Ps 105:5 Volgende week: Les 17, Ps 105:5

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Emmeritaatsversorging

Skep-Hoop-Fonds

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Expando

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417



## Bybelskool van Centurion

Bied aan

# Die Tabernakel

Die simboliek rondom die Tabernakel en die seremonies en offers van die Ou Testament en die vervulling daarvan in Christus Jesus

Ons begin **Dinsdag, 16 Aug 2022**

(vir derde kwartaal)

Elke aand behandel 'n unieke tema

**Almal welkom**

te

GK Centurion

Elke Dinsdagaand 19:00 – 20:00

**Koste** R100 per persoon

Aanbieders:

**Di Maarten van Helden/Lourens Venter**

**Inskrywings:** Hein Kaiser 082 772 7718/
Kerkkantoor 012 664 2614


*"Jy moet 'n tabernakel maak. Gebruik daarvoor…"*
*Eks 26*

**TEESKINKBEURTE**

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**14-Aug**

| | |
|---|---|
| Christi Venter | Blok C |
| Lourette vd Berg | Blok B |
| Bieuwkje Pretorius | Blok A |



**21-Aug-22**

| | |
|---|---|
| Elize van den Berg | Blok A |
| Louisa vd Walt | Blok B |
| Doret Pretorius | Blok C |

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Familiekamp Naweek


23-25 September

**Tema: 'n Lewe vervul met die Vrug van die Heilige Gees**

Die familiekamp naweek word gehou op die kerkterrein. Kom deel in 'n naweek vol pret en Geestelike verryking.

'n Volledige program sal deurgegee word nader aan die datum.

Gee u naam vanoggend op by De Wet Burger (083 216 2876) onder die olyfboom.



## Geestelike Opbou

**11 Sept 2022** na die aanddiens

Prof Herrie van Rooy kom gesels oor:

**Bybelvertaling: waarom en hoe?**

Dit is verbasend hoeveel Bybelvertalings beskikbaar is. In Afrikaans is daar drie wat deur die Bybelgenootskap uitgegee is, met nog ander van gewone uitgewers. Kan 'n mens vertalings vertrou? Op grond waarvan moet 'n mens 'n vertaling beoordeel? Hierdie gesprek hanteer hierdie sake, met toespitsing op die 2020-vertaling.

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

**Soek u 'n bederfpakkie** vir iemand of dalk vir 'n spesiale geleentheid? Dan is KLEIN die regte oplossing. Kontak u KLEIN Agent, Rina Burger, 0828538215 en vind meer uit.

**Hennie van Rooyen Belasting Konsultant**. SARS verwysing: PR0108610. Persoonlike opgawes, Kleinsake en Boere. Skakel 082 932 5634 of epos: hennievr.tax@gmail.com.

Wil U graag jou huis met 14 grade C verminder in Somer en 10 grade C verhoog in Winter?. **Installeer glaswolmat** met Duitse tegnologie op jou plafon. Kontak Billy du Toit 0822121372 vir meer besonderhede.

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 18:00

- - - - - -

## Ouventus (25-35)

Woensdagaande 19:00




## Jaarlikse Ramings

(soos ontvang van die Admin Buro)

Die skale waarvolgens ramings per belydende lidmaat vir die periode 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 gehef word:

| | |
|---|---|
| TSP | R199.43 |
| Administratiewe Buro | R 62.79 |
| Kerkargief | R 7.73 |
| Sinodale Kas | R 4.17 |
| Studente hulpfonds | R 5.02 |
| Thusofonds | R 32.89 |
| GKSA Mediese ramings | R162.21 |
| EVT gemiddeld | R455.19 |
| **TOTAAL** | **R929.42** |

## Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

## Aanbied van Bybelstudie by Eljada

Sou U bereid wees om een keer per maand Bybelstudie by Eljada Huis in Pretoria-Wes aan te bied? Ongeveer 10 mensies wat graag die Woord van die Here wil bestudeer. Werklik verrykend!

Indien U belangstel kontak asb vir Billy du Toit by 0822121372. Hulp en leiding sal deur my verleen word indien nodig.



# *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14-Aug | Carike | Basson | B09 | 27827718119 |
| | Paul | Sweers | A05 | 27836011253 |
| 15-Aug | Petro | Oosthuizen | A16 | 27824034053 |
| | Leon | Venter | C01 | 27824557149 |
| 16-Aug | Esther | Ferreira | B12 | 27724476716 |
| | Antoinette | Jv Vuuren | B04 | 27825691882 |
| 17-Aug | Wessel | Brits | B15 | 27724478230 |
| | Ment | Deist | B15 | 27724136860 |
| | Hester | Enslin | C02 | 27825703602 |
| | Hein | Kaiser | C06 | 27827727718 |
| | Cassie | vd Walt | B11 | 27823722434 |
| 18-Aug | Winy | du Preez | B08 | 27835250439 |
| | Bets | Kotze | C05 | 27723458304 |
| | GP | Smidt | C09 | 27825667633 |
| | Sonja | vd Dussen | B17 | 27824137309 |
| 19-Aug | Lukas | du Preez | B08 | 27791094553 |
| | Carina | Koch | C08 | 27724428655 |
| | Wynand | Loots | A08 | 27844717525 |
| | Magda | Pelser | A05 | 27827808746 |
| | Gerrie | Viljoen | B15 | 27823784972 |
| 20-Aug | Marlize | Bond | B04 | 27832599446 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14-Aug | Michael | Fourie | C05 | 27834066414 |
| | Emily | van Wyk | A01 | 27833163781 |
| 16-Aug | Schalk | Bessinger | B09 | 27827718119 |
| 17-Aug | Wian | v Niekerk | A09 | 27814546588 |
| 18-Aug | Ruben | Venter | A16 | 27825622431 |
| 19-Aug | Elizmari | van Rooy | A01 | 27828264850 |
| 20-Aug | Anneme | Venter | A04 | 27714855995 |
| | Wilmie | Venter | A04 | 27714855995 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

*"... Moenie bang wees nie."* Mark 6:50

- Rassie Erasmus sterk aan na 'n voetoperasie (B16—072 590 9188).
- Pieter en Cecilia Wolmarans sterk tuis aan (C14—083 949 8899***).***
- **Meelewing** word betuig met dr Kobus en Sanet, Stephan en Jana Venter na die afsterwe van Marie Venter (Kobus se moeder). Begrafnis is Maandag, 15 Aug: Olievenhoutbosch Begraafplaas om 10:00, troosdiens is om 11:00 vanuit ons kerk.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

**PSALMBOEKE GESOEK!!**

Deesdae bring ons nie meer sommer 'n Psalmboek na die erediens nie, ons sing mos maar van die bord af. Een van die gevolge is dat ons kinders nie meer die Heidelbergse Kategismus in die katkisasieklas beskikbaar het nie. Ons wil baie graag, veral in die senior klasse, 'n paar Psalmboeke beskikbaar stel vir wanneer die kategismus behandel word want so kom ons katkisante al hoe nader aan die kerk se leer. In baie huise lê daar ou Psalmboeke op 'n boekrak of in 'n laai. Skenk asseblief hierdie Psalmboeke aan ons. Plaas dit by op die tafel by die hoofingang van die kerk.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/